



RISIKO- EN NAKOMINGSBELEID

| | |
|--|---|
| Verwysingsnommer | 2P_2.9.7_2020 |
| Verantwoordelike uitvoerende bestuurder | Registrateur |
| Beleidseienaar | Direkteur: Korporatiewe en Inligtingsbeheer dienste |
| Verantwoordelike afdeling | Korporatiewe en Inligtingsbeheer dienste |
| Status | Goedgekeur |
| Goedgekeur deur | NWU Raad |
| Datum van goedkeuring | 19 Maart 2020 |
| Datum van hersiening | 2022 |

Registrateur

RISIKO- EN NAKOMINGSBELEID

Teen die agtergrond van die droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit hierdie beleid op 19 Maart 2020 aanvaar om nastrewing van die Universiteit se doelstellings te verseker deur risiko- en nakomingsbestuur in al die prosesse van die NWU in te bed.

1 Interpretasie en toepassing

Hierdie beleid moet geïnterpreteer en toegepas word op 'n wyse wat strook met die –

- 1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- 1.2 Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;
- 1.3 Statuut van die Noordwes-Universiteit (2017);
- 1.4 King IV-verslag oor Goeie Korporatiewe Bestuur, vernameklik beginsel 11 (risiko), beginsel 13 (nakoming) en beginsel 15 (gerusstelling); en
- 1.5 Die Algemeen Aanvaarde Nakomingsbeginsels (AANB) van die Nakomingsinstituut van Suider-Afrika.

2 Woordomsrywings

In hierdie beleid en vir die doeleindes van risiko- en nakomingsbestuur aan die NWU –

“**gerusstelling**” beteken 'n fokus op getuienis, wat lei tot 'n verklaring met betrekking tot 'n geïdentifiseerde onderwerp of inligting rakende die onderwerp wat gemaak word met die doel om vertroue in die onderwerp of inligting rakende die onderwerp te bevorder

“**nakomingsraamwerk**” beteken die stel nakomingsbestuursprosesse en -hulpmiddels wat deur die NWU gebruik word vir die bestuur van sy nakomingsprogram.

“**nakomingsrisiko**” beteken die aantasting van die Universiteit se integriteit, wat lei tot skade aan die Universiteit se reputasie, wetlike of regulatoriese sanksies of finansiële verlies as gevolg van die versuim om aan die toepaslike wette, regulasies en standaarde te voldoen.

“**nakoming**” beteken die proses van meting van nakoming van wette, regulasies, beleide en prosedures waaraan die bedrywighede van die maatskappy onderwerp word.

“**nakomingsfunksie**” verwys na die NWU se spesialisfunksies wat risikobestuur en -nakoming fasiliteer en daarvoor toesig hou.

“**beheer**” gebruik as selfstandige naamwoord, beteken 'n beleid of prosedure wat deel uitmaak van interne beheer.

“**Interne beheermaatreëls**” is die maatreëls en metodes wat deur die NWU in plek gestel is om sy besigheid op 'n ordelike wyse te bedryf, om sy bates en hulpbronne te beveilig, om foute te voorkom en op te spoor, om akkuraatheid te verseker, om betroubare en tydige inligting te produseer en om nakoming van sy beleide en prosedures te verseker.

“**geleenthede**” is daardie onsekerhede wat moontlik kan voorkom en wat voordele vir die NWU kan inhou.

“**proseseienaar**” is die individu wat verantwoordelik is vir die bestuur en implementering van 'n spesifieke proses soos beskryf in die kwaliteitshandleiding van die departement waarbinne die persoon rapporteer.

“**regulatoriese universum**” beteken die bestaande en ontluikende wetgewing waaraan die korporatiewe bestuur, bestuur en administrasie van die NWU moet voldoen.

“**risiko**” handel oor die onsekerheid van gebeure; insluitende die waarskynlikheid en effek daarvan, positief sowel as negatief, op die bereiking van die organisasie se doelstellings. Risiko sluit onseker gebeure in, wat 'n positiewe effek op die organisasie kan hê (d.w.s. geleenthede wat nie aangegryp word nie of wat nie verweselik nie).

“**risiko-apyt**” verwys na die hoeveelheid en tipe risiko wat die NWU bereid is om te aanvaar ten einde sy strategiese doelstellings te bereik.

“**risikobestuur**” is die proses van die voorspelling en evaluering van risiko’s waarvoor die NWU te staan mag kom, saam met die identifisering van prosedures om hul impak op die NWU te vermy of tot die minimum te beperk.

“**risiko-eienaar**” verwys na ’n individu wat daarvoor verantwoordelik is om te monitor dat ’n bepaalde risiko voldoende bestuur word; hierdie persoon is nie noodwendig die proseseienaar nie.

“**risikogradering**” is die assessering van die geïdentifiseerde risiko is ’n faktor van die waarskynlikheid van die risikogebeurtenis, die impak indien die risikogebeurtenis wel plaasvind, en die doeltreffendheid van die huidige interne beheermaatreëls.

3 Beleidsverklaring

Die Raad van die Noordwes-Universiteit (die Raad) beskou ’n behoorlike proses en raamwerk vir die bestuur van risiko en nakoming en voorsiening van gerusstelling as iets wat van kardinale belang is vir goeie korporatiewe bestuur en doeltreffende en effektiewe bestuur en administrasie van die Noordwes-Universiteit.

Dit is dus die beleid van die Noordwes-Universiteit om:

- 3.1 ’n Raamwerk daar te stel vir die strategiese verbintenis van die NWU-Raad en -bestuur vir die totstandbrenging van ’n risiko- en voldoeningeskultuur aan die Universiteit as deel van strategievorming en -implementering, en van operasionele bestuur.
- 3.2 Om ’n omgewing te skep vir die optimale identifisering en bestuur van risiko en voldoening op proses- en stelselvlakke.
- 3.3 Die rol en verantwoordelikheid van voorsieners van gerusstelling te rig en te lei binne ’n doeltreffende beheeromgewing.

4 Die doelstellings van risiko- en nakomingsbestuur

- 4.1 Om die NWU te bestuur met betrekking tot risiko en nakoming ten einde aan die verwagtinge van die Raad en belanghebbendes te voldoen wat betref die uitkomst wat die NWU bereik en die manier waarop sodanige uitkomst bereik word, deur oop en deursigtige kommunikasie, transaksies en bestuur.
- 4.2 Om ’n prestasiekultuur te bevorder wat dit vir die NWU moontlik maak om te fokus op die doelstellings soos gestel in die Vyfjaar- Strategiese Plan sowel as die Jaarlikse Prestasieplan, en om ’n omgewing te

skep wat bevorderlik is vir die erkenning, kommunikasie en bestuur van onsekerhede (geleenthede en bedreigings) met betrekking tot die relevante doelstellings.

- 4.3 Om 'n organisasiefokus op risiko en nakoming na te streef ten einde die NWU te ondersteun met die optimale integrasie van risiko en nakoming in organisatoriese besluitneming en besigheidsprosesse.
- 4.4 Om besluite op 'n tydige wyse te implementeer ten einde organisatoriese waardetoevoeging te skep en te beskerm, ná oorweging van alle tersaaklike inligting en met inagneming van onsekerheid.
- 4.5 Om begrip te skep vir en te voldoen aan die relevante wetlike, regulatoriese en ander verpligtinge wat op die Universiteit van toepassing is.
- 4.6 Om begrip te skep vir daardie risiko's wat 'n bedreiging inhou vir die voortgaande besigheid van die NWU, en om relevante strategieë en strukture daar te stel om besigheidsontwrigting tot die minimum te beperk.
- 4.7 Om te verseker dat die relevante voorsieners van gerusstelling 'n doeltreffende en effektiewe internebeheeromgewing moontlik maak.

5 Rolle, verantwoordelikhede en aanspreeklikheid

5.1 Die Raad en die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee van die Raad (ORNK)

- 5.1.1 doeltreffendheid en effektiwiteit van risiko-en-nakomingsbestuur.
- 5.1.2 In die bestuur van hierdie aangeleenthede delegeer die Raad gesag, stel limiete van aanvaarbare gedrag deur relevante gedragskodes, en die definiëring van risiko-aptit en riskotoleransie.
- 5.1.3 In die uitvoering van hierdie funksie om die Raad oor risiko- en nakomingsaangeleenthede te adviseer, moet die ORNK
 - 5.1.3.1 Oorweging skenk aan die waarskynlike gevolge van bestaande of moontlike toekomstige gedingvoering teen die NWU;
 - 5.1.3.2 Bepaal of meganismes in plek is om die Universiteit in staat te stel om te voldoen aan alle relevante wetlike en statutêre vereistes;
 - 5.1.3.3 Gereeld verslag doen aan die Raad oor risiko- en nakomingsaangeleenthede;
 - 5.1.3.4 Oorweging skenk aan die gerusstelling verkry van die bestuur sowel as interne en eksterne voorsieners van gerusstelling oor alle risiko's wat die Universiteit affekteer;
 - 5.1.3.5 Die Raad van advies bedien oor die verrigting van sy toesigfunksies met betrekking tot die Universiteit se finansiële verslagdoeningsproses, die stelsel van interne beheer, die risiko- en nakomingsbestuursproses, die ouditproses, en die monitering van die risiko- en nakomingsfunksie; en
 - 5.1.3.6 Gerusstelling aan die Raad verskaf dat die Universiteit se bedrywighede met betrekking tot risiko- en nakomingsbestuurs-, beheer- en korporatiewebestuursprosesse die nodige aandag geniet.

5.2 Universiteitsbestuurskomitee (UBK)

- 5.2.1 Die UBK is verantwoordelik vir die bestuur van risiko en nakoming en vir die bereiking van die doelstellings soos gestel deur die Raad en vir die bestuur van onsekerheid rondom die gestelde doelstellings.
- 5.2.2 Wat bogenoemde aanbetref, het die UBK die verantwoordelikheid:
 - 5.2.2.1 Om 'n prestasiekultuur te bevorder en risikobestuur in besluitnemings- en besigheidsprosesse in te bed;
 - 5.2.2.2 Om prosedures en standaarde daar te stel ten einde voldoening aan NWU-beleide en -reëls te verseker;
 - 5.2.2.3 Om bewustheid te skep en nakoming te verseker van wetlike, regulatoriese en ander verpligtinge; en
 - 5.2.2.4 Om die ORNK ingelig te hou oor alle aangeleenthede met betrekking tot risiko en nakoming.

5.3 Gekombineerde Gerusstelling

- 5.3.1 In ooreenstemming met goeie praktyk onderskryf die NWU 'n gekombineerde gerusstelingsmodel onder toesig van die Raad.
- 5.3.2 Die Raad hou toesig oor die implementering van die gekombineerde gerusstelingsmodel wat ontwerp en geïmplementeer is om die organisasie se beduidende risiko's en wesenlike sake doeltreffend te dek deur 'n kombinasie van die volgende voorsieners van gerusstelling en funksies soos van toepassing op die NWU:
 - Lynfunksies wat risiko's besit en bestuur.
 - Spesialisfunksies wat risikobestuur en nakoming fasiliteer en daarvoor toesig hou.
 - Interne Oudit.
 - Onafhanklike eksterne voorsieners van gerusstelling soos eksterne oudit.
 - Ander eksterne voorsieners van gerusstelling soos toepaslik.
 - Regulatoriese inspekteurs.

- 5.3.3 Die Gekombineerde Gerusstellingsforum (GGF) van die NWU het die volgende mandaat met betrekking tot gekombineerde gerusstelling:
- 5.3.3.1 Om die relevante verslae met betrekking tot risikobestuur en risikobeheer van verskillende voorsiens van gerusstelling in oorweging te neem;
- 5.3.3.2 Om relevante aangeleenthede via die UBK by die ORNK aan te meld met betrekking tot
- Die doeltreffendheid van die beheeromgewing;
 - Die integriteit van die data wat vir interne besluitneming gebruik word; en
 - Die geloofwaardigheid van die inligting in relevante verslae.

5.4 Korporatiewe en Inligtingsbeheersdienste (KIBD)

Die rol en doel van die KIBD is soos volg:

- 5.4.1 Om die Registrateur te adviseer en te ondersteun oor aangeleenthede rondom korporatiewe bestuur, risiko- en nakomingsbestuur;
- 5.4.2 Om 'n ondernemingsrisikobestuurs- en -nakomingsraamwerk te vestig wat dit moontlik maak dat doeltreffende risiko- en nakomingsbestuur op 'n konsekwente manier regoor die NWU geïmplementeer word;
- 5.4.3 Om maatreëls in plek te stel om toepaslike vlakke van begrip en betrokkenheid in risiko- en nakomingsbestuur te verseker deur bespreking, opleiding en verslagdoening;
- 5.4.4 Om 'n besigheidskontinuiteitsraamwerk daar te stel om te verseker dat moontlike ontwrigting en risiko's wat die voortgaande bedrywighede van die NWU bedreig doeltreffend teëgewerk en bestuur word.

5.5 Interne Oudit

Die rol en funksie van die Interne Oudit-funksie met betrekking tot risiko- en nakomingsbestuursaangeleenthede is soos volg:

- 5.5.1 Om beheermaatreëls te evalueer en bestuurders op alle vlakke van advies te bedien, met inbegrip van assessering van die toon en risikobestuurskultuur van die Universiteit, sowel as evaluering en verslagdoening oor die doeltreffendheid en effektiwiteit van die implementering van bestuursbeleide;
- 5.5.2 Om risiko's te evalueer, sowel as die beduidendheid van sleutelaktiwiteite en risikofaktore;
- 5.5.3 Om bedrywighede te ontleed en inligting met lynbestuurders te bevestig, ten einde verslag te doen oor bevindinge;
- 5.5.4 Om vlakke van nakoming aan die Universiteit te hersien, met betrekking tot reëls, regulasies, wette. Gebruikskodes, riglyne en beginsels, aangesien dit individueel en kollektief op alle dele van die NWU van toepassing is.

5.6 Werknemers

Werknemers moet

- 5.6.1 Aktief poog om die doelstellings, risiko's, beheermaatreëls en verpligtinge rondom aktiwiteite m.b.t. die werkomgewing te verstaan;
- 5.6.2 Help om 'n kultuur van risiko- en nakomingsbestuur tot stand te bring;
- 5.6.3 Aktiwiteite onderneem ter voldoening aan wetgewing en NWU-beleide en -prosedures;
- 5.6.4 Risikogebeure en instansies van nienakoming identifiseer en aanmeld; en
- 5.6.5 Nuwe risiko's, risiko wat toleransie oorskry, skendings en swakpunte van beheermaatreëls aan die relevante lynbestuurder rapporteer, en soos vereis ingevolge die NWU-beleide.

6 Prosedures en riglyne

Die implementering van die Beleid vind plaas in ooreenstemming met die volgende prosedures en riglyne:

6.1 'n Nakomingsraamwerk wat uit die volgende komponente bestaan:

- Identifisering van die regulatoriese universum;
- Nakomingsrisiko-identifisering en -assessering, insluitende die identifisering van beheermaatreëls;
- Nakomingsrisikoverligting, insluitende standaarde, prosedures en riglyne;
- Nakomingsmonitering;
- Bewustheid en opleiding;
- Verslagdoening; en
- Rekordhouding.

6.2 'n Risikobestuursraamwerk wat uit die volgende elemente bestaan:

- Identifisering van risiko's en geleenthede;
- Identifisering van waarskynlike risiko-eienaars;
- Evaluering van die risiko's (impak en waarskynlikheid);
- Bepaling van 'n risiko-apyty;
- Gerusstelling oor die doeltreffendheid van beheermaatreëls;
- Identifisering van geskikte risikoresponse;
- Aanmelding van beduidende risiko's;
- Implementering, beperking en monitering;
- Risikogebaseerde interne ouditering;
- Bewustheid, opleiding en rekordhouding;
- Inbedding en hersiening.